**Bedieningsveslag Lourens Schoeman eerste semester 2023**

**Inleiding**

Alle eer aan die Here vir die genadevoorreg om steeds voltyds in Sy Koninkryk te mag bedien. Baie groot waardering vir al die rolspelers wat die pos met groot moeite wil volhoubaar aan die gang hou tot ek April 2024 aftree.

"Succession leadership" / Opvolg  leierskap

Die laaste termyn van my voltydse bediening (voor ek skuins-tree) wil ek graag spandeer aan hoe die bediening beter, meer effektiek, en meer koste effektief kan voortgaan na my aftrede. Om meer met minder te kan doen. Die pos gaan nie weer gevul word nie. Fondse om die bediening aan die gang te hou is al hoe moeiliker om te vind.

In my poging om dit reg te kry het ek die volgende ontdek:

1. Dit is Teologies korrek dat die kerk as liggaam (lees lidmate) self die bediiening doen, in hulle eie plaaslike gemeenskappe, waar hulle geplaas is. Voltydse betaalde kerk amptenare se hoof rol is toerusting en lering, mentor/dissipelskap leierskap en visioneering.
2. Die liggaam van Christus is lewendig en gedrewe in die groter KZN gemeenskap. Ek ontmoet al hoe meer kerkleiers, ouderlinge en diakens, wat die Here en sy Woord liefhet en begeer om Hom meer te dien. Hulle is gevolglik oop vir opleiding en visionering. Dikwels is 'n voltyde betaalde kerk amptenaar die prop wat hul inisiatief demp: Hy is "daar bo" en ek (wat hier onder is) moet hom nie pla nie.
3. Lidmate floreer as hulle 'n bediening gegee word en nie meer net as toeskouers kerdienste bywoon nie. Beniening energeer en skep 'n honger om meer te weet. Toeskouers is lui en geestelik oorgewig en hiper-krities. Ons verloor baie sterk leiers iin ons kerkfamilie, wat gedwing word om tieskouers te bly, terwyl hulle wil bedien en wil lei.
4. Terwyl die Christelike geloof in die Noordelike halfrond krimp, ontplof dit in Sub-Sahara Afrika. Duisende nuwe kerkleiers in onafhanklike kerke soek goeie bekostigbare Teologiese opleiding. Ons is nou hier. Ons kan met hierdie manne en vroue saamstap en Koninkrykspunte op die telbord kry. Sonder basiese Teologie, misinterpreteer hulle die Woord en skep gruwelike onwaarhede oor die Woord.
5. Die jeug is skepties jeens die kerk, maar wil graag oop wees om die Woord reg te verstaan en toe te pas in hulle eie lewens, maar die kerk is nie hiervoor toegerus nie. Preke binne diie bestaande liturgiё kom nie deur nie.
6. Die groter, ekumeniese kerk sal grense van klas, ras en taal moet oorsteek, as ons die diverse gawes wat in die kerk is, maksimaal wil ontgun vir die Koninkryk. Al die waarheid is nie aan een kerk gegee nie, saam sal ons die mosaiek kan voltooi en 'n mooi Koninkryksprent uitmaak. In hierdie Koninkryks mosaiek is die NGK nie uitgesluit nie, maar baie welkom om haar deel van die prentjie te voltooi. Kerkewat "high and mighty" hulle self op 'n heilige platvorm plaas van ons is beter as julle, verarm die Koninkryk.
7. Die beloftes in die Woord en die waarhede van die Woord is vandag nog net so belangrik as 2000 jaar gelede, maar die aanslae teen die Waarheid van die Evangelie is, ewe eens vandag nog net so verskriklik as 2000 jaar gelede. Die kerk sal weer haarself aan die Woord moet vasmaak, en daarom dan ook besef dat ons in die wêreld is, maar nie van die wereld nie.
8. Bediening is veelkantig. Dit sluit prediking is, maar is veel meer. Ons moet ybelstudie gesprekgroepe aan die gang kry waar gewone mense die Woord herontdek. Ons moet weer opnuut fokus op die kinders en jeug. Ons moet lidmate ontwikkel om basiese trauma

berading te doen. Ons moet as plaaslike gemeentes by die plaaslike skole betrokke raak deur te diene n te ondersteun. Ons moet plaaslike betrokke raak by gesprekke oor die huwelik, seksualiteit, gesinne en kinder opvoeding. Ons moet plaaslik by die groeiende groep werklose jongmense betrokke raak, met 'n Teologie van self-entrepreneurskap. Dit gaan oor holistiese verstaan van die Evangelie.

Met bg riglyne het ek die afgelope semester die bediening as volg aangepak:

1. Veritas Bybel Kollege het my 'n stuk gereedskap gegee waarvoor ek die Here baie dankbaar is. Ons kan kerkleiers bemagtig om die bedieningsgaping effektief te vul. In KZN kon ek 16 kerkleiers oplei in 11 gemeentes, wat in total 160 lidmate deur Modules 1 en 2 van Veritas geneem het. In hierdie span is 8 VGKSA leraars. Ons hoop die proses sal baie sterker uitrol na die 2023 Sinode sitting. Ons het ook twee groepe van Zioniste kerkleiers in opleiding waarvan een groep al 4 Modules voltooi het. In eSwatini kon ek die Reformed Church help om hule eie fasiliteerders op te lei en twee groepe is goed aan die gang. Een groep met 10 kerkleiers uit onafhanklike kerke het pas met Module 3 begin. Die Reformed Church het 42 kerkleiers deur Module 1 geneem en nou met Module 2 begin waar 33 kerkleiers opgelei word. Hul fasiliteerder is Rev Michael Mtsetfwa, wat ook nou sy M deur Veritas begin het.
2. Ek lei ook in die VGKSA 6 jong kerkleiers op in Veritas se gevorderde sertifikaat kursus. Hulle het reeds hul 4 fondasie modules voltooi. Om saam met hierdie jongmense te stap as hul mentor is 'n voorreg.
3. Die Jabulani Trust wat die jeugkamp betsuur is onder die bestuur van Sthe Mdakane en hy doen dit goed. Hy verhoor aan kerke en het ;n dienende gees.
4. EThembeni Trust moes al die betaalde gemeenskapswerkers afbetaal, en loop nou op die energie van "gap"-jaar werklose jeug wat met die "life coaching" aangaan. Ons het 15 vrywilligers in 10 gemeenskappe. Hulle hoof doel is om gespreksgrope met die jeug aan die gang te sit. Ons kry terugvoer van jeug koffie aande in townships, waar jong mense gesels oor wat is die Bybel en hoe lees ek dit. Ek is opgewonde oor die manne gespreksgroepe wat voortgaan. Ons loof die Here vir die Hollandse donateurs wat weer R800 000 bewillig het vir eThembeni se gemeenskapswerk.
5. Ethembeni se inkomste deur die verhuring van die sentrum by Mkhamba gaan goed aan. Ons is dankbaar daarvoor. Van die plaaslike sakemanne het ook hulle verbind om ons bediening te steun. In total genereer EThembeni R60 000 per maand om die bediening voort te sit.
6. Ons het weer ons bande met die Dignity en Dare materiaal vir jeug life coaching opgetel, en loof die Here vir die effek daarvan. Werklose jongmense met Maatskaplike grade neem nou as vryywilligers sterk leiding en hulle is fantasies. Ten minste bou hulle so 'n CV op, wat help met latere indiensname.
7. Ons is dankbaar dat die Duitse donateurs hulle weer aan Maureen Makhaya verbind het, wat landelike vroue holisties bemagtig, ook deur huis tuine te doen. Maureen het deur "I was hungry" 'n sterk Evangeliese komponent ingebring.
8. Binne die VGKSA doen ek steeds huisbesoek en neem preekgeleenthede waar en bedien die sakramente, maar ek staan al hoe meer terug en mentor die nuwe kerkleiers. Ek loof die Here om te sien hoe landelike mense opstaan en self begrafnisse waarneem en preek en skole besoek. Verblydend is die nuwe energie om self Sondagskool te hou.
9. Die Wes-Kaapse getuienis bediening het die pastorie verkoop en al die geld in n bediengsfonds vir Msinga weggesit, waarvan Msinga bediening kan voortgaan. Ek is die Here dankbaar dat die Wes-Kaap nie soos elder gebeur, die geld in hulle eie sak gesteek het nie. Jeugkampe en bediening in Msinga sal nou kan aangaan. Ek is so dankbaar dat die Wes-Kaap die oorgangs/opvolg leierskaps model ondersteun en gedurig vra: Hoe gaan die bediening

voortgesit word namate ons subsidie onttrek. Dit is jammer dat ons nie hierdie benadering in KZN wou volg nie.

Ten slotte weer my waardering dat ek in hierdie bediening kon staan. Ek eer die Here vir insigte en groei wat my as mens Teoloog en VDM gevorm het. Ek sien uit na die herfs seisoen van my lewe saam met Hanlie en baie medegelowiges wat saamstap op die Koninkrykspad, om eendag ons Koning te kan ontmoet!

Vrede

Lourens Schoeman